
# 391 Ontwaak, my siel aanvaar jou plig




Koop uit die tyd asof vandag
jou laaste was, en werk met mag,
want vir talente toevertrou
eis God eens rekenskap van jou.

Wees eerlik en opreg van gees
dat jou gewete rein mag wees;
onthou dat God jou gadeslaan,
voor Wie daar geen geheim bestaan.

Ontwaak, my hart, aanbid die Heer,
met eng’le saam, sing tot sy eer,
wat troon bo ruimte en bo tyd,
die Koning van die ewigheid.

Prys God, wat enkel goedheid is,
prys Hom omhoog, sy heiliges,
prys Hom, sy vromes, wat Hom vrees,
prys Vader, Seun en Heil’ge Gees.

Thomas Ken (1637-1711) F.H. Berthélémon (1741-1808)